| Plak asseblief die strepieskode-etiket hier |
|---|

**TOTALE PUNTE**

INTERNASIONALE SEKONDÊRE SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2022

# BESIGHEIDSTUDIES

**EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

Tyd: 3 uur

300 punte

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 36 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Alle vrae is **VERPLIGTEND**.
3. Lees die vrae noukeurig deur.
4. **Beantwoord AL die vrae op die vraestel en lewer dit aan die einde van die eksamen in. Onthou om jou eksamennommer in die ruimte wat op die vraestel voorsien is, te skryf.**
5. Demonstreer insig, waar van toepassing, wanneer die vrae beantwoord word. **Jy kan na enige kleinhandelbesigheid wat jy vanjaar bestudeer het, verwys.**
6. Jy word aangeraai om besondere aandag aan taalgebruik en die **toekenning van punte** te gee.
7. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
8. VIER blanko bladsye (bladsy 33–36) is aan die einde van die vraestel ingesluit. Indien jy te min spasie vir 'n vraag het, gebruik hierdie bladsye. Dui die vraagnommer van jou antwoord duidelik aan indien jy hierdie bykomende ruimte gebruik.

**SLEGS VIR GEBRUIK DEUR NASIENERS**

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |
| | | | | | 7A (LOD) | | |
| | | | | | 7B (HOD) | | |

## AFDELING A

## VRAAG 1

Dui die **mees korrekte** antwoord aan deur die letter van die opsie wat jy gekies het in die ruimte wat onderaan die bladsy voorsien is te skryf.

1.1 'n Verandering in die ekonomiese klimaat is 'n uitdaging in die … besigheids-omgewing.

A interne
B makro-
C mark-
D internasionale

(2)

1.2 'n Kleinhandel-eienaar kan sy/haar verhouding met sy/haar verskaffer verbeter deur …

A betaling te vertraag weens likiditeitsprobleme.
B minder as die normale hoeveelheid voorraad te bestel.
C 'n terugwaartse integrasie-strategie te implementeer.
D stiptelike betaling van voorraad wat gelewer is, te verseker.

(2)

1.3 'n Kleinhandelwinkel se uitdaging van die markomgewing is …

A 'n toename in die aantal kleinhandelwinkels in die Afrika-kleinhandel-bedryf.
B 'n verandering in die rentekoers.
C kassiere wat ongelukkig is oor die uitvoering van die evaluasieproses.
D kassiere wat ongelukkig is met die verandering in die besigheidsbeleid.

(2)

1.4 'n … is 'n kredietbrief (KB) wat 'n besigheid aan die publiek verkoop om geleende kapitaal in te samel.

A Verband
B Skuldbrief
C Vaste deposito
D Aandeel

(2)

1.5 Wanneer die eienaar van 'n kleinhandelwinkel kan bewys dat die besigheid 'n finansiële verlies in geval van 'n brand sal ly, sal die beginsel van … van toepassing wees.

A versekerbare belang
B diversifikasie
C regulerende dissipline
D positiewe hefboomfinansiering

(2)

| 1.1 | 1.2 | 1.3 | 1.4 | 1.5 |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |

IEB Copyright © 2022

1.6 Hierdie tipe belegging toon kapitaalgroei oor 'n lang tydperk.

A Versamelstukke
B Vaste deposito
C Ekwiteite
D Al die bogenoemde

(2)

1.7 Watter faktor is deel van die driedubbele (geïntegreerde) verslagdoeningsmeet-instrument?

A Tegniese vooruitgang
B Mededingende volhoubaarheid
C Maatskaplike verantwoordelikheid
D Politieke volhoubaarheid

(2)

1.8 Watter van die volgende faktore word as 'n metode om omgewingsvolhoubaarheid te bereik, beskou?

A Om geld aan verskillende liefdadigheidsorganisasies te skenk
B Om hulpbronne optimaal te gebruik om vermorsing te verminder
C Vaardigheidsopleiding vir werknemers
D Om 'n goeie OOB vir beleggers te verseker

(2)

1.9 Tydens watter fase van die aanvaarding van 'n handelsnaam sal 'n klant vir 'n spesifieke handelsnaam vra voordat 'n alternatief gekoop word?

A Handelsnaamvoorkeur
B Handelsnaam-aandrang
C Handelsnaamherkenning
D Handelsnaamverwerping

(2)

1.10 Een van die hoofvoordele van alleenhandelaarskap is …

A onbeperkte aanspreeklikheid.
B persoonlike tydverbintenis.
C beperkte bestuurskundigheid.
D relatiewe vryheid van staatsregulasie.

(2)

| 1.6 | 1.7 | 1.8 | 1.9 | 1.10 |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |

IEB Copyright © 2022

1.11 … is die proses waar enige besigheidsonderneming na sy eie praktyke kyk om 'n taak te verrig en dit vergelyk met die metodologieë wat deur soortgelyke besigheidsondernemings in dieselfde industrie gebruik word.

A Korporatiewe Maatskaplike Belegging
B Gradering
C Normering
D Vervanging

(2)

1.12 Behoud verwys na …

A die vlak van mededinging in 'n klein voorstad.
B die handeling om werknemers te behou.
C prestasiebeoordeling wat nie meer vereis word vir die evaluasie van personeel se werksprestasie nie.
D die repokoers wat daal.

(2)

1.13 'n Klant kla by 'n plaaslike kleinhandelbestuurder oor die sanitasieproses by hul kleinhandelwinkel. Die geskikste manier vir die bestuurder om hierdie situasie te hanteer, is om …

A die versekering te gee dat die klagte geprioritiseer sal word.
B die klagte te ignoreer, omdat alle plaaslike kleinhandelwinkels uurliks gesaniteer word.
C geld van die skoonmakers se lone af te trek omdat hulle nie saniteer nie.
D oor die sanitasieproses 'n kompromis aan te gaan en vir die klant 'n koopbewys te gee.

(3)

1.14 Een van die sleutelnadele van franchising is …

A die toenemende vermoë vir die franchisegewer om uit te brei.
B die koste van franchising.
C die erkende naam, produk en nywerheidsmodel.
D die bestuursopleiding en bystand wat verleen word.

(2)

1.15 Wat is 'n nadeel van vennootskappe?

A Maklik om te vorm
B Vennote het beperkte aanspreeklikheid
C Eienaars deel verantwoordelikhede
D Moontlikheid van persoonlikheidsbotsings

(2)

| 1.11 | 1.12 | 1.13 | 1.14 | 1.15 |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |

IEB Copyright © 2022

1.16 In watter geval is alleenhandelaarskap die gunstigste?

A Ondernemings op groot skaal
B Ondernemings op medium skaal
C Ondernemings op klein skaal
D Ondernemings op medium tot groot skaal

(2)

1.17 Indien 'n land se geldeenheid depresieer (daal), is dit 'n … vir uitvoerders en 'n … vir invoerders.

A bedreiging; geleentheid
B geleentheid; bedreiging
C bedreiging; bedreiging
D geleentheid; geleentheid

(3)

1.18 'n Klant het 'n hoë vlak van mag wanneer …

(i) die besigheid beperkte verskaffers het.
(ii) die besigheid net 'n paar groot klante het.
(iii) daar 'n groot aantal plaasvervangerprodukte in die mark is.
(iv) die regering toegang tot die mark reguleer.

**Kies die korrekte opsie:**

A (i), (ii), (iii) en (iv)
B (ii)
C (ii) en (iii)
D (iv)

(3)

1.19 Watter van die volgende stellings is **waar**?

(i) BTW is 'n wettige aftrekking op 'n werknemer se salaris.
(ii) 'n Mediese ondersoek is 'n regsvereiste wanneer vir 'n pos aansoek gedoen word.
(iii) Behoud is die proses om die beste kandidaat vir die pos te kies.
(iv) Vaardigheidsontwikkeling is deel van mannekragbeplanning.

**Kies die regte opsie:**

A (i), (ii), (iii) en (iv)
B (i) en (iii)
C (iii) en (iv)
D (iv)

(3)

| 1.16 | 1.17 | 1.18 | 1.19 |
|---|---|---|---|
| | | | |

IEB Copyright © 2022 

1.20 Verskaffers beskik oor 'n hoë vlak van mag wanneer …

A die besigheid baie plaasvervangerprodukte in die mark het.
B die besigheid baie groot kliënte het.
C daar 'n paar verskaffers in die mark is.
D die regering toegang tot die mark beheer.

(3)

1.21 Markpenetrasie is 'n … wat op die verkoop van … produkte in … markte fokus.

A laerisiko-strategie, bestaande, bestaande
B mediumrisiko-strategie, bestaande, nuwe
C hoërisiko-strategie, nuwe, nuwe
D mediumrisiko-strategie, nuwe, bestaande

(3)

1.22 Watter van die volgende aktiwiteite vorm **nie** deel van vervaardiging nie?

A Yster- en staalwerke
B Maal van meel
C Inlê van vrugte
D Mynbou

(2)

1.23 Watter van die volgende is **nie** 'n funksie van pakhuise nie?

A Berging van goedere
B Dra van risiko
C Reklame
D Gradering en handelsmerkgewing

(2)

1.24 Wanneer 'n besigheidsonderneming gekies word, moet die entrepreneur die volgende in gedagte hou.

A Winsgewendheid
B Risiko's betrokke
C Wins
D Al die bogenoemde

(2)

| 1.20 | 1.21 | 1.22 | 1.23 | 1.24 |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |

**[54]**

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 2

Kies uit die terme wat in onderstaande tabel verskaf is wat die beste by die stellings wat volg pas. Skryf slegs die **korrekte term** in die ruimte wat onder elke stelling verskaf is.

**LET WEL: Daar is slegs een korrekte antwoord vir elke stelling.**

| | | |
|---|---|---|
| Likiditeit | Besigheidsplan | Strategies |
| Tegemoetkomend | Samesmelting | Herversekering |
| Delphi-tegniek | Herstel | Werk-volgens-die-reël |
| Disfunksionele konflik | Vakbonde | Sessie |
| Solvensie | Grondwet | Regsverhoudinge |
| Gebeurlikheid | Amalgamasie | Markkapitalisasie |
| Sloer | Uitdiensstelling | Samewerking |
| Verspreiding | Voor- en nadelekaart | Oortolligheid |
| Pikketering | Besluitnemingsboom | Funksionele konflik |

2.1 Die verhouding wat deur die finansiële bestuurder gebruik word om sy/haar organisasie se kontantvloei te evalueer.

______________________________________________________________ (2)

2.2 Hulle reguleer werktoestande in 'n organisasie en verteenwoordig werknemers in onderhandelinge.

______________________________________________________________ (2)

2.3 Dit verwys na die padkaart van 'n besigheid.

______________________________________________________________ (2)

2.4 Die hoogste wet in die land en almal is daaraan gebonde.

______________________________________________________________ (2)

2.5 Die aandeelprys van 'n maatskappy vermenigvuldig met die aantal uitgereikte aandele.

______________________________________________________________ (2)

2.6 Die versekeringterm wat op 'n polis van toepassing is en 'n werknemer as sekuriteit gebruik vir 'n lening wat hy/sy wil opneem.

______________________________________________ (2)

2.7 Dit is 'n tipe konflik wat tot die ineenstorting van kommunikasie tussen individue en groepe lei wat die besigheid se prestasie verder laat versleg.

______________________________________________ (2)

2.8 Die HUB van 'n globale kleinhandel-handelsmerk is by hierdie tipe beplanning betrokke.

______________________________________________ (2)

2.9 'n Tipe werkersoptrede waar werknemers amptelike werksreëls en -ure op elke manier volg om uitset en doeltreffendheid te verminder.

______________________________________________ (2)

2.10 'n Onbaatsugtige benadering in konflikoplossing, waar die behoeftes van 'n ander party voor jou eie gestel word.

______________________________________________ (2)

2.11 'n Kreatiewe probleemoplossingstegniek wat gebruik word om besluite te neem, gegrond op die dryfkragte en beperkende kragte van 'n opsie.

______________________________________________ (2)

2.12 Die spreiding van risiko tussen verskillende versekeringsmaatskappye.

______________________________________________ (2)

**[24]**

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 3

Kies die **korrekte term** tussen hakies om elke stelling te voltooi. **Onderstreep of lig** jou keuse duidelik **uit**.

3.1 **(Menseregte / Nywerheidsregte)** sluit vryheid van uitdrukking en assosiasie in.

3.2 **(Gebalanseerde Telkaart / Totale Gehaltebestuur)** is gegrond op die Kaizen Gehalteverbeteringsfilosofie.

3.3 **(Belasting op Bemarkbare Sekuriteite / Kapitaalwinsbelasting)** is die belasting wat op die wins van 'n verkoop van 'n bate betaal word.

3.4 Die **(naaste / brandkluis-)** klousule vereis dat die versekerde rekords van voorraad op 'n vuurvaste plek gehou word.

3.5 'n **(Logo / Slagspreuk)** is 'n prent wat met 'n produk of diens geassosieer word.

3.6 **(Demosie / Botsing van belange)** kom voor wanneer 'n persoon in 'n keurpaneel versuim om bekend te maak dat hy/sy verwant is aan die applikant met wie 'n onderhoud gevoer word.

3.7 **(Globale / Organisasie-)** bewustheid beteken dat bestuurders ten volle van die besigheid se aktiwiteite bewus is en hoe dit die gemeenskap raak.

3.8 Die doel van 'n **(leier- / aanlok-)** prysbepalingstrategie is om klante na die winkel te lok.

3.9 Die omstandigheid van 'n finansiële mark waar pryse styg of na verwagting gaan styg word 'n **(stygspekulant- / daalspekulant-)** mark genoem.

3.10 Die **(organisasiestruktuur / -missie)** is die doel en rede vir die besigheid se bestaan.

3.11 **(Verbruikersprysindeks / Bruto Binnelandse Produk)** meet die monetêre waarde van al die voltooide produkte en dienste wat in 'n land vir 'n bepaalde tydperk geproduseer word.

**[22]**

**100 punte**

## AFDELING B

## VRAAG 4

Verwys na onderstaande uittreksel en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Afrika ontluik as volgende gesogte kleinhandelkern**

Afrika is geneig om weg te beweeg van tradisionele kleinhandelmodelle en word die snelgroeiendste, rykste en mees gesofistikeerde mark in die wêreld.

'n Vennoot by 'n bestuurskonsultantfirma, Kearny, sê dat dit vanweë die volgende faktore is:

- Enorme groei van jong, stedelike en digitaal kundige verbruikers
- Toenemende selfoongebruik
- Die skepping van digitale betaling
- Gunstige regeringsregulasies
- Beduidende belegging deur buitelandse en plaaslike maatskappye

[Bron aangepas uit: <https://www.cbn.co.za/news/africa-emerging-as-next-big-retail-hotspot/> 5.01.2022]

4.1 Noem **DRIE** entrepreneurseienskappe en bespreek hoe elkeen van hierdie eienskappe deur 'n entrepreneur gebruik kan word om voordeel te trek uit die "gesogte kleinhandelkern" wat in die uittreksel genoem is.

(12)

IEB Copyright © 2022

4.2 Bespreek met behulp van toepaslike voorbeelde hoe 'n entrepreneur die volgende strategieë kan gebruik om voordeel te trek uit die kleinhandelgroei wat in Afrika verwag word.

**Strategie van terugwaartse integrasie:**

**Strategie van gesamentlike onderneming:**

(8)

4.3 Verduidelik die belangrikheid van 'n **uitvoerbaarheidstudie** en 'n **lewensvatbaarheidstudie** wanneer 'n nuwe entrepreneursbesigheid begin word.

(6)

4.4 Lys **VIER** bestuurstake wat met die bedrywighede van 'n kleinhandelbesigheid kan help.

- 
- 
- 
- 

(4)

4.5 Evalueer die rol van sosiale media in die funksionering van 'n nuwe onderneming wat 'n kleinhandelmarkaandeel in Afrika wil bekom.

(4)

IEB Copyright © 2022

4.6 Verduidelik die verskil tussen **werksbevrediging** en **werksekerheid** aan 'n entrepreneur wat die kleinhandelsektor betree.

(4)

4.7 Verduidelik hoe 'n entrepreneur verskeie bestuursbevoegdhede kan gebruik om die kleinhandelmarkaandeel van 'n besigheid te laat groei.

(12)

**[50]**

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 5

5.1 5.1.1 Identifiseer enige **VIER** bemarkingsamestellingselemente wat kleinhandelaars kan gebruik om 'n bemarkingstrategie te ontwikkel.

- ______________________________
- ______________________________
- ______________________________
- ______________________________

(4)

5.1.2 Assesseer die waarde om skaalbesparings as deel van 'n kleinhandel-bemarkingstrategie in te sluit.

______________________________
______________________________
______________________________
______________________________
______________________________
______________________________
______________________________
______________________________
______________________________
______________________________
______________________________

(8)

5.1.3 Dit is belangrik dat kleinhandelaars die regte personeel gebruik om te help om die besigheid te laat groei. Help die bestuurder van 'n kleinhandelaar deur die volgende Menskapitaalfunksies te verduidelik.

| | |
|---|---|
| **Werwing** | |
| | |
| | |
| | |
| **Plasing** | |
| | |
| | |
| | |

(4)

IEB Copyright © 2022

5.2 Verwys na onderstaande uittreksel. Dit is belangrik om hierdie uittreksel te gebruik wanneer die vrae wat volg beantwoord word.

**ETIESE GEDRAG**

'n Kleinhandelgroep het met 'n onafhanklike organisasie saamgewerk om 'n vertroulike tolvry nommer te verskaf om verdagte, bedrieglike aktiwiteit of onaanvaarbare gedrag aan te meld.

Belanghebbendes word aangemoedig om bedag te wees op bedrieglike of onaanvaarbare aktiwiteite en gevalle by die Fluitjieblaserbedrogblitslyn aan te meld. Die interne ouditkomitee ondersoek voorvalle wat aangemeld is.

[fiktiewe uittreksel]

5.2.1 Volgens bostaande uittreksel, stel kleinhandelaars etiese gedrag van hul belanghebbendes op prys. Bespreek **DRIE** moontlike handelinge wat in 'n kleinhandelwinkel kan plaasvind wat as onetiese gedrag beskou kan word.

(6)

5.2.2 Motiveer hoekom 'n kleinhandelaar 'n Gedragskode nodig het.

(4)

5.2.3 Ontleed **DRIE** bestuurspraktyke wat die beste sal verseker dat kleinhandel-personeellede die besigheid se Gedragskode met 'n positiewe gesindheid aanneem.

(6)

IEB Copyright © 2022

5.3 5.3.1 Verduidelik die verskil tussen nieverpligte versekering en verpligte versekering.

(4)

5.3.2 Adviseer die kleinhandelaar oor **DRIE** tipes versekering wat uitgeneem kan word om risiko in die bedrywighede van die besigheid te verminder.

(6)

IEB Copyright © 2022

5.4 Verwys na onderstaande uittreksel en beantwoord dan die vrae wat volg.

**AANDELE TUIMEL**

Aandele in 'n Namibiese kleinhandelgroep het met byna 18% getuimel, hul grootste eendagdaling in meer as 15 jaar. Dit het gebeur na die maatskappy se verkoopsyfers in die derde kwartaal teleurgestel het.

[fiktiewe uittreksel]

5.4.1 Met betrekking tot bostaande scenario, watter raad sal 'n makelaar moontlik aan 'n persoon gee wat in 'n kleinhandelbesigheid belê het?

(5)

5.4.2 Noem **DRIE** faktore wat oorweeg moet word wanneer 'n finansiële adviseur 'n beleggingsprofiel vir 'n potensiële belegging saamstel.

- 
- 
- 

(3)
**[50]**

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 6

6.1 Verwys na onderstaande uittreksel en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Afrika-besighede omhels volhoubaarheid en trefkrag as sleutel tot veerkragtigheid en sukses**

Nuwe besighede oor die hele Afrika begin om volhoubaarheid en trefkragmeting by hul korporatiewe agendas te integreer. Die bestuur implementeer strategieë om hul langtermynpotensiaal te ontwikkel.

Entrepreneurs wil nie net besighede bou nie; hulle wil besighede bou wat die wêreld verander.

[Bron aangepas uit: <https://www.intracen.org/news/African-businesses-embrace-sustainability-and-impact-as-keys-to-resilience-and-success/> 17.02.2022]

6.1.1 Met betrekking tot die bostaande scenario, assesseer **DRIE** korporatiewe beheerbeginsels om hierdie nuwe besighede te ondersteun ten einde hul volhoubaarheidstrategieë te bereik.

(12)

IEB Copyright © 2022

6.1.2 Die meeste besigheid-eienaars glo daaraan om aan die gemeenskap terug te gee deur middel van programme van korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid. Bespreek argumente vir en teen 'n voorgestelde program vir korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid.

(10)

IEB Copyright © 2022

6.1.3 Bespreek strategieë wat bestuurders kan gebruik om moontlike konfliksituasies te hanteer wat kan voorkom terwyl 'n besigheid aan volhoubaarheidstrategieë werk.

(6)

6.2 Verduidelik **sinergie** as 'n kritiese komponent van besigheidsukses.

(4)

6.3 Bespreek die proses van spanvorming in 'n kleinhandelbesigheidkonteks.

(8)

6.4 Identifiseer kriteria vir suksesvolle spanprestasie in 'n kleinhandelbesigheidkonteks.

(4)

IEB Copyright © 2022

6.5 Bespreek hoe derdeparty-ingryping gebruik kan word om moontlike konfliksituasies in 'n kleinhandelbesigheid te oorkom.

(6)
**[50]**

**150 punte**

## AFDELING C


**Die volgende aspekte sal oorweeg word wanneer punte in hierdie vraag toegeken word:**

- Formaat:
  - Die KORREKTE formaat moet gebruik word, d.i. besigheidsverslag.
  - Waar van toepassing, sluit 'n inleiding en gevolgtrekking in.
  - Gebruik opskrifte en onderopskrifte waar nodig.
- Terminologie: Korrekte besigheidsterminologie moet gebruik word.
- Inhoud: Inhoud moet voldoende wees om alle aspekte van die vraag te dek.
- Motivering: Motiveer alle stellings wat gemaak word.
- Pas op gevallestudie/konteks/tema toe.
- Gebruik liewer probleemoplossing as om bloot net teoretiese feite te gee.
- Sintese en geskikte opeenvolging.

## VRAAG 7

**Bestudeer die volgende bronne voordat die vraag wat volg beantwoord word.**

**BRON A**




[Bron: <https://www.legit.ng/1130599-types-business-environment-internal-external.html> 25.01.2022]

**BRON B**

Die Afrika-kleinhandelsektor het onlangs gewildheid in die beleggerswêreld verwerf, hoewel teen 'n stadige pas. Tot op hede het informele kleinhandelaars die sektor domineer. Die formele kleinhandelaars is verantwoordelik vir slegs 10%, volgens Standard Bank se Afrika-verbruikersverslag.

Winkelsentrums se ontwikkeling het egter die afgelope dekade geleidelik gegroei.

Die ontwikkeling en formalisering verskil baie van land tot land oor die hele kontinent. Dit word beïnvloed deur faktore soos:

- Die vlak van ekonomiese ontwikkeling en groei
- Verbruikersvoorkeure
- Internetkonnektiwiteit
- Beskikbaarheid en arbeidskoste
- Die plaaslike kultuur

[Bron aangepas uit: <https://www.emis.com/php/store/reports/AC/Africa_Consumer_Goods_and_Retail_Sector_Report_2021-2022_en_727391409.html> 13.01.2022]

Om 'n suksesvolle kleinhandelbesigheid te bedryf, moet die bestuur alle eksterne faktore wat die werksaamhede van die besigheid beïnvloed in aanmerking neem. 'n Kleinhandelbesigheid kan nie doeltreffend funksioneer as die besigheid nie op hierdie uitdagings kan reageer nie.

**Vereis:**

Met verwysing na 'n kleinhandelbesigheid wat jy bestudeer het, skryf 'n besigheidsverslag aan die bestuur om die invloede (positief en/of negatief) te assesseer wat die eksterne besigheidsomgewing op die kort-, medium- en langtermynsukses van die besigheid kan hê. Jy kan ook strategieë insluit wat die kleinhandelaar kan gebruik om volhoubaarheid te verseker.

IEB Copyright © 2022

IEB Copyright © 2022

**50 punte**

**Totaal: 300 punte**

IEB Copyright © 2022

**BYKOMENDE RUIMTE (ALLE VRAE)**

**ONTHOU OM DUIDELIK BY DIE VRAAG AAN TE DUI DAT JY DIE BYKOMENDE RUIMTE GEBRUIK HET OM SEKER TE MAAK ALLE ANTWOORDE WORD NAGESIEN.**

IEB Copyright © 2022

IEB Copyright © 2022

IEB Copyright © 2022